

ANTHONY SPANNENBERG

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

F S SMUTS, WRN AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen

ANTHONY SPANNENBERGAPPELLANT

en

DIE STAATRESPONDENT

CORAM ;CORBETT, AR, GALGUT et SMUTS, WRN ARR.

AANGEHOOR : 23 Maart 1984.

GELEWER : 29 Maart 1984.

U I T S P R A A K

SMUTS, WRN AR :

Appellant kom in hoër beroep met verlof

van.....2

van die Verhoorregter, ROSE-INNES, R, teen die vonnisse wat hom opgelê is nadat hy skuldig bevind is in die Afdeling Kaap die Goede Hoop aan moord met versagtende omstandighede, (klag 1), huisbraak met die opset om te roof en roof (waarby verswarende omstandighede soos omskryf in art 1 van Wet 51 van 1977 aanwesig was), (klag 2), en poging tot roof (klag 3). Hy is op die 3 klagte gevonniss tot onderskeidelik, lewenslange gevangenisstraf en 8 jaar en 7 jaar gevangenisstraf. Dit is verder beveel dat die drie vonnisse nie samelopend sal wees nie. Dit is duidelik dat laasgenoemde bevel in stryd is met die bepaling van art 32 (2) van Wet 8 van 1959 waarvolgens "n bepaalde vonnis van gevange-

nisstraf wat deur iemand uitgedien moet word saam moet loop met 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf".

Namens die Staat is dan ook toegegee dat hierdie bevel nie staande kan bly nie.

Appellant se advokaat het sy betoog beperk tot die vonnis van lewenslange gevangenisstraf. Eerstens is aangevoer dat ROSE-INNES, R, 'n wanvoorligting begaan het deurdat hy oor die hoof gesien het dat die jeugbende waaraan appellant behoort het 'n baie sterk invloed op sy lewe en betrokkenheid by misdaad gehad het. Tweedens is aangevoer dat selfs indien bevind sou word dat geen wanvoorligting begaan is nie, die vonnis van lewenslange gevangenisstraf buitensporig

swaar was en dat gevangenisstraf van 20 jaar 'n gepaste vonnis sou wees op die moordklag. Appellant was 18 jaar en 5 maande oud toe hy die moord gepleeg het.

Nie een van hierdie betoë kan gehandhaaf word nie. Wat dié beweerde wanvoorligting betref is dit duidelik dat ROSE-INNES, R, deeglik bewus was van die feit dat appellant 'n lid van die Scorpion bende was. Volgens die getuïenis is hierdie 'n berugte bende in die Kaapse Skiereiland. Die Hof a quo se bevinding dat versagtende omstandighede aanwesig was, was grootliks gebaseer op aanvaarding daarvan dat appellant vatbaar was vir beïnvloeding "deur ongewenste maats in die bende omstandighede waarin hy as kind

geleef het". Die enigste ander versagtende omstandighede waarna die belese Regter verwys het was, eers- tens, dat hy sonder behoorlike leiding en opvoeding grootgeword het in 'n gesin waarin die ouers onstabiele persone was en, tweedens, dat hy maar slegs tot sub B gevorder het op skool en blykbaar nie besonder intelligent was nie. In sy uitspraak met betrekking tot vonnis het die belese Regter weer verwys na die Hof se vroeëre bevinding dat appellant "n stadium deurleef het waar ander hom beïnvloed het om in die bende-omgewing te beweeg waar hy nou 'n voorstaande kwaaddoener is". Later in die uitspraak word weereens verwys na die "swak invloed " wat op 'n vroeë stadium op appellant

uitgeoefen.....6

uitgeoefen is. Dit is gevolglik duidelik dat ROSE-
INNES,R, deeglik bewus was van die invloed van bende-
aktiwiteite op appellant en dat geen wanvoorligting
begaan is nie.

Betreffende die betoog dat die vonnis van
lewenslange gevangenisstraf buitensporig swaar is, is
dit eerstens nodig om te verwys na die aard van die
misdaad wat deur appellant gepleeg is en sy vorige
veroordelings.

Appellant is skuldig bevind aan moord na-
dat die Staat bewys het dat hy doelbewus en koelbloe-
dig vir ene Abduragman Stevens doodgeskiet het terwyl
laasgenoemde in die voorkamer van sy huis op 'n stoel

gesit....7

gesit het in die geselskap van sy vrou en kind terwyl die gesin na 'n televisie-program gekyk het. Dit was ongeveer 9.45 n m. Sonder enige voorafgaande waarskuwing verskyn appellant by die venster en skiet die oorledene in die kop op 'n afstand van drie treë. Die oorledene val toe op die vloer. Daarna word hy nog twee keer geskiet, een keer in die bors en een keer in die regter voorarm. Appellant hardloop toe weg. Die rede vir die moord was blykbaar die feit dat die oorledene 'n klag teen lede van die Scorpion bende ahangig gemaak het nadat hulle huisbraak en roof by sy huis gepleeg het. Hierdie makkers van appellant het toe tereggestaan en is skuldig bevind en tot gevange-

nisstraf gevonnis. Op grond van hierdie feite het ROSE-INNES, R, appellant beskryf as 'n wraaksugtige persoon en dat sy wraak die vorm neem van "aktiewe geweldpleging teen ander sonder enige goeie rede". Appellant se lys vorige veroordelings toon die volgende misdadige gedrag deur hom en die vonnisse wat hom opgelê is.

31.1.1978	Grypdiefstal	6 Houe met 'n ligte rottang
26.5.1978	Roof met gebruik van 'n panga en mes.	Geplaas onder toesig van 'n proefbeampte.
3.7.1980	Huisbraak met opset om te steel en diefstal.	6 Maande gevangenisstraf.

Die moord op Abduragman Stevens is gepleeg op 19 September 1980 skaars 2 maande na sy skuldigbevinding aan huisbraak en terwyl hy nog op parool uit was. Daarna het hy in Desember 1980 die misdade gepleeg waarop die tweede en derde klagte betrekking het.

Dit blyk verder uit 'n verslag van 'n proefbeampte dat appellant 'n ongedissiplineerde bestaan voer sonder 'n vaste betrekking of vaste verblyf. Hy openbaar 'n onverskillige houding ten opsigte van misdaad en skep die indruk dat hy maklik 'n misdaad sal pleeg.

In sy uitspraak het ROSE-INNES, R, dit baie duidelik gestel dat hy hom ten doel gestel het, deur die vonnis wat hy opgelê het, om te verseker dat appel-

lant nie tot die samelewing terugkeer voordat die gevangenisowerhede goeie rede het om te dink dat hy nie meer 'n gevaar vir die samelewing is nie. Hierdie doel sou klaarblyklik nie bereik kon word indien appellant 'n bepaalde termyn van gevangenisstraf opgelê word nie. Dit kon dan gebeur dat hy ontslaan word uit die gevangenis voordat hy hervorm het.

Hierdie Hof kan alleenlik inmeng met die opgelegde vonnis van lewenslange gevangenisstraf indien dit bevind kan word dat geen hof redelikerwyse die vonnis kon opgelê het nie. In die lig daarvan dat dit 'n koelbloedige, beplande en wraaksugtige moord is wat deur appellant gepleeg is, sy geskiedenis van

misdaad....11

misdaad en sy geneigheid tot misdaad, kan dit sekerlik
nie bevind word dat ROSE-INNES,R, op onredelike wyse
sy diskresie uitgeoefen het nie. Die belese Regter
het alle rede gehad om die 'gemeenskap teen hierdie
persoon te beskerm op die wyse waarop hy besluit het.

Geen argument is aangevoer waarop daar
met die vonnis op klagte 2 en 3 ingemeng sal word
nie en daar bestaan geen rede om dit te doen nie.

Bygevolg slaag die appèl teen die bevel
dat die drie opgelegde vonnisse nie samelopend sal
wees nie. Origens word die appèl teen die opgelegde
vonnisse afgewys.

F S SMUTS, WRN AR.

CORBETT, AR)
GALGUT, WRN AR.) STEM SAAM.